# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 10/02 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Groot dank aan die volgende persone:
   - dr. O. Strydom vir die borg van 5 matriekbaadjies en
   - mev. Claudi Murphy vir die reël van die graad 1-apparaat.

   Ons het groot waardering daarvoor.

   Die afrigters wil die atlete bedank wat so gereeld geoefen het en voluit deelgeneem het om van die SOK-byeenkoms 'n groot sukses te maak. Baie geluk, ons is trots op julle.

2. **Wiskunde-olimpiades:**
   Mev. Viginia Bredenhand het in 2022 'n kursus begin volg wat onderwysers voorberei om hul leerders vir die 2023 SAMF Wiskunde-olimpiades in te skryf. Die kursus was in vier modules aangebied en net 15 uit 42 onderwysers het al vier modules geslaag.

   Die Wiskunde-olimpiades is vir gr. 8- tot 12-leerders en die sluitingsdatum is 24 Februarie. Inskrywingsvorms is by mev. Bredenhand beskikbaar.

   "Ek wil graag hê dat my leerders net soos ek 'n liefde ontwikkel vir probleemoplossing en so ook aan die Wiskunde-olimpiades sal deelneem." *Juf. Viginia*

3. **Graad 12-Intervensie: Saterdagprogram:**

| Datum: | Tyd: | Vak: | Onderwyser |
|---|---|---|---|
| 18/02/2023 | 09:00 tot 12:00 | Wiskunde | V. Bredenhand |
| 25/02/2023 | 09:00 tot 12:00 | LW | M.E. Strydom |
| 04/03/2023 | 09:00 tot 12:00 | Afrikaans | M.J. Strydom |

4. **Individuele foto's:**
   Die individuele skoolfoto's word op Donderdag, 16 Februarie 2023, by die skool geneem. Leerders moet netjies in formele somerdrag geklee wees. Die laerskoolleerders sal ongelukkig nie in sportdrag skool toe kan kom nie. Hulle moet hul sportklere inpak en tydens tweede pouse verklee vir die sportoefening.

5. **ATKV-redenaars:**
   Die temas waaruit onderwerpe afgelei moet word vir 2023 is die volgende:

   Graad 1 tot 3: Kleur ; Speel ; Klein
   Graad 4 tot 5: Flits ; Luister ; Klank
   Graad 6 tot 7: Tradisie, Reis ; Wedren
   Graad 8 tot 9: Kruispad ; Angel ; Hutsmerk

herotel

Graad 10 tot 12: Inklusief ; Bemagtig ; Ideologie

6. **Graad 1 en 2 : Ekstra – Kurrikulêre program**:

Graad 1 en 2 se ekstra – kurrikulêre program begin volgende week en is as volg uiteengesit:

| Dag | Aktiwiteit | Tyd | Plek |
|---|---|---|---|
| Maandae | Skaak: | 13:00 – 13:30<br><br>Ouers moet self vervoer om 13:30 reël. | Me. Stuurman se klaskamer. |
| Dinsdae en Donderdae | Sport:<br><br>Seuns : Mini-Krieket/ Rugby<br><br>Meisies : Balspele/ Fiksheid / Netbal | 13:00 – 14:00 (14:15)<br><br>Let wel dat leerders wat aan sport gaan deelneem op Dinsdae en Donderdae met die korrekte sportdrag mag skool toe kom. | Seuns: Sportveld – seuns word met die bus heen en weer vervoer.<br><br>Meisies: Netbalbaan in Retiefstraat OF by die skool se netbalbane. |

Deelname aan buite – kurrikulêre aktiwiteite is opsioneel vir graad 1- en 2-leerders. Indien u kies dat u kind deelneem, moet hul beskikbaar wees vir wedstryde en oefeninge getrou bywoon.

Verskonings moet skriftelik ingedien word as u kind NIE die betrokke dag gaan deelneem nie.

Elke graad 1- en 2-kind het ‘n brief ontvang en die afskeurstrokie moet ingevul word voordat u kind mag deelneem aan die buite-kurrikulêre program.

7. **Finansies:**

- Die ouditeure vereis dat ALLE GELDE rakende skool- en sportaangeleenthede in die skool se rekening gedebiteer moet word en ‘n kwitansie vir ontvangstes uitgereik moet word.

  Betalings vir aankope vir bv. sportgeleenthede, moet ook deur die skool se boeke gereflekteer word; dus sal betalings gedoen word nadat ‘n magtiging en gepaardgaande faktuur ontvang is.

- **SKOOLGELD**
  - Skoolgeld beloop **R1 200,00 per maand vir 10 maande,** betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 000,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders.
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R935,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R10 800,00** (voor 31 Jan 2023)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto-inkomste van beide ouers.

  Aftrekorders: Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en ‘n afskrif aan die skool voorsien. Ouers moet onthou om bedrae van aftrekorders te verander.

  Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2023. Die eerste skoolfondsrekening vir 2023 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen, aangesien ABSA nie meer ‘n tak op

herotel IGEN

Joubertina het nie, en kontant 'n probleem raak. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant betaal word.

**Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is by beskikbaar my mev. Mattheus. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig wees.**

- **<u>BUSGELD</u> (per kwartaal):**

  <u>Daaglikse roete</u>

  | | |
  |---|---|
  | Misgund | R2 440 |
  | Louterwater | R2 180 |
  | Krakeel | R1 920 |

  Busgeld vir die eerste kwartaal moet so spoedig moontlik vereffen word. Busgeld is vooruitbetaalbaar en indien dit nie betaal is nie, mag die betrokke leerder nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

- <u>Kopieerkoste</u>:
  Die kopieerkoste is R550 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2023 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterse belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

  | | | |
  |---|---|---|
  | Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
  | | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
  | | Tipe rekening: | Tjek |
  | | Takkode: | 334415 |
  | | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

8. **<u>Sport</u>:**

- <u>SOK</u>:
  Tydens die 71ste SOK-atletiekbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer op 4 Februarie het Hoërskool McLachlan onoorwonne uit die stryd getree.

  Verskeie spanbekers is verower:
  - Seuns en dogters 0/13
  - Seuns en dogters 0/14
  - Seuns en dogters 0/17

  Die atlete van McLachlan het ook verskeie individuele prestasies behaal.

  | | | |
  |---|---|---|
  | D 0/9 | T. Kapank | 60 m |
  | D 0/10 | I. Ferreira | GS |
  | S 0/11 | E.J. Meyer | 75 m H |
  | D 0/12 | A. Botha | GS |
  | D 0/13 | M. Oberholster | GS |
  | D 0/13 | K. Korneelse | 200 m |
  | D 0/14 | M. Sekopo | 200 m |
  | D 0/15 | F. Manuel | GS |
  | D 0/17 | D. Ferreira | GS |

herotel

Die twee Victrix Ludorum trofeë is ook deur McLachlan verower.

| | |
|---|---|
| Denique Ferreira | Senior Victrix Ludorum |
| Igné Ferreira | Junior Victrix Ludorum |

Hoërskool McLachlan het die Pieter Engelbrecht-beker vir die BESTE LAERSKOOL gewen en ook die Hoërskool skild vir die BESTE HOëRSKOOL met die meeste punte. Ons was dus ook die ALGEHELE WENNER VAN DIE DAG. Baie geluk aan al die atlete – ons is baie trots op julle.


- Hoërskoolatletiek: Kouga- en Koukammabyeenkoms: 11 Februarie te Paul Sauer:
  Bustye:

  | | |
  |---|---|
  | Misgund: | 05:50 |
  | Louterwater: | 06:10 |
  | Krakeelrivier: | 06:25 |
  | Skool: | 06:40 |
  | Ravinia: | 06:45 |

- Krieket:
  Die 0/13-span speel Maandag teen LS Jeffreysbaai. (weg)
  Die 0/11-span speel Dinsdag teen LS Jeffreysbaai. (weg)

- Tennis:
  Die hoërskoolmeisies en seuns speel Donderdag, 16 Februarie, teen HS Pearson (weg).

9. Landsdiens:
   Ons eerste kamp vind vanaf 3 – 5 Maart by die VCSV kampterrein te Jeffreysbaai plaas. Kostes beloop R550 vir die hele naweek. Inskrywingsvorms is by juf. Simoné beskikbaar.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit